# Dopper-dominee: Gemeentes het ’n jaar om vroue ‘losmaking’ te gee

Dr G Meijer in Rapport

18 Januarie Johan Eybers

Dr. Gerard Meijer, predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot, verduidelik waarom die vergadering van die sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) vroue in die amp beskou as ongehoorsaamheid aan Christus.

**Die sinode sê gemeentes wat nie vroueouderlinge losmaak nie, “maak hulself van die kerkverband los”. Kritici sê dit kom neer op verbanning. Is dit nie ’n semantiese versagting van ’n harde uitsluiting nie, en waarom is dié formulering verkies?**

Verbanning is die laaste stap van die kerklike tug. Selflosmaking van die kerkverband is die noodwendige gevolg as ’n plaaslike kerk nie die sinodebesluite insake vroue in die amp onderhou nie. Die twee verskil wesenlik van mekaar. In die Gereformeerde Kerke kan ’n sinode geen tug toepas nie.

**Waarom word die verskil oor vroue in die amp as ongehoorsaamheid aan Christus geklassifiseer, en nie as ’n bona fide verskil in Skrifuitleg tussen opregte gelowiges nie?**

God praat nie uit twee monde nie. In sy Woord spreek Hy Hom duidelik uit oor vroue in die amp. Daar kan dus geen bona fide verskil in Skrifuitleg wees nie.

**Die besluit oor die vrou in die amp tref nie net kerkraadslede nie, maar hele gemeentes – insluitend lidmate, vroue en kinders. Hoe regverdig die sinode die kollektiewe gevolge van 'n besluit wat deur 'n kerkraad geneem word?**

Elke plaaslike kerk in die GKSA is selfstandig en volledig kerk. Dit wat die kerkraad besluit, raak elke lidmaat van daardie betrokke kerk. Dit geld nie net vroue in die amp nie, maar alle sake waaroor die kerkraad besluit. Lidmate is in die posisie om kerkrade verantwoordelik te hou vir hulle besluite.

**Die sinode voer aan dat die besluit eenheid bevorder. Hoe versoen die sinode dié doel met die werklikheid van breuke, verlies van gemeentes en moontlike kerkskeuring?**

Die eenheid van die kerke lê in Christus, die Hoof van die Kerk. Wanneer iemand hom of haar nie aan Christus wil onderwerp nie, is ons as kerke verplig om mekaar tot orde te roep. Volharding in ongehoorsaamheid lei tot breuke.

**Wat beteken dit prakties wanneer 'n gemeente haarself volgens die sinode "van die kerkverband losmaak", veral ten opsigte van eiendom, finansies en institusionele regte?**

Omdat elke kerk selfstandig is, beskik elke kerk oor sy eie besittings en finansies. Die

eiendom van die plaaslike kerk is nie die eiendom van die GKSA in geheel nie.

**Waarom is gemeentes een jaar gegun om hul besluite te heroorweeg, en wat sal pastorale begeleiding deur klassisse in daardie tyd konkreet behels? Hoe word di duidelik van tug onderskei?**

Daar waar vroue in die amp van ouderling bevestig is, moet tyd gegee word om besluite in daardie verband reg te stel en aan die vroue losmaking te gee. So iets gebeur nie oornag nie Omdat dit oor 'n gewigtige saak gaan, kan naburige kerke (klassisse) help om deur pastorale gesprekke en voorbidding mekaar met raad en daad by te staan. Die sinode het ook enkele predikante aangewys om, waar nodig, advies te gee en hulp te verleen.

**Indien 'n gemeente ná die grasietydperk volhard, word dit as ongehoorsaam aan Christus verklaar. Is daar dan enige ruimte vir voortgesette gesprek of herbesinning, of is die saak finaal afgesluit?**

Die Here is almagtig en kan altyd heling bewerk. Daarom is daar ruimte vir gesprek, ook as bande verbreek is. Daar is reeds voorbeelde van kerke wat hul besluit oor vroue in die amp omgekeer en met die daad reggestel het. Ons vertrou dat dit ook in die toekoms kan gebeur

**Die sinode stel dat sy besluit direk op die Skrif gegrond is. Watter Skrifgedeeltes dra volgens die GKSA die meeste gewig, en hoe word spanning tussen tekste soos 1 Korintiërs 14, 1 Korintiërs 11 en Galasiërs 3:28 teologies verreken?**

Verskeie sinodes het oor baie jare oor Skrifgedeeltes soos 1 Korintiërs 14:34 en 1 Timoteus 2:11 binne die geheel van die Skrif besin. Daardie Skrifdele staan nie in spanning met ander Skrifdele soos 1 Korintiërs 11 en Galasiërs 3:28 nie. God se Woord is nooit in spanning of stry met homself nie.

**As die Heilige Gees gawes uitdeel "soos Hy wil", waarom word biologiese geslag 'n rede vir absolute uitsluiting by die leer- en regeeramp, selfs waar gawes en roeping duidelik sigbaar is?**

Die Heilige Gees roep inderdaad soos Hy wil, en sy wil is duidelik in sy Woord. God maak in sy Woord bekend wie Hy tot die amp roep. Hy lê die kriteria daarvoor neer, soos dit onder meer opgeteken staan in 1 Timoteus 3:1-13 en Titus 1:5-9. Dit is nie vir die mens om te besluit wie vir die leer- en regeeramp geskik is nie.

**Vroue neem reeds deel aan stemming, leiding, huisbesoek, onderrig en besluitneming in gemeentes. Waarom word hierdie funksies aanvaar, maar nie die formele ampsbevestiging self nie?**

Die Here gee vir die vrou 'n baie kosbare plek en taak in sy kerk. Met die unieke gawes wat sy van die Here ontvang, dien die vrou tot opbou van die gemeente en die verspreiding van die evangelie buite die gemeente. Daarvan is Lidia (Handelinge 16), Priscílla (Handelinge 18) en die vroue na wie Paulus in 1 Timoteus 5:9 en 10 verwys, pragtige voorbeelde. Hulle het daardie dienswerk verrig sonder om in die leer- en regeeramp te dien. Net so is daar baie mans wat kosbare dienswerk verrig, al is hulle nie ouderlinge of predikante nie.

**Waarom is die weg van Romeine 14 – verdraagsaamheid tussen gelowiges met verskillende oortuigings – nie as 'n geldige kerklike hantering van hierdie verskil oorweeg nie?**

Daar is met groot verdraagsaamheid meer as 40 jaar lank Skrifstudie oor hierdie saak gedoen. Die kerke het duidelikheid oor vroue in die amp. Nou word daar gehoorsaamheid gevra. Gehoorsaamheid aan Christus. Ons sal mekaar liefdevol met raad en daad bystaan in die uitleef van gehoorsaamheid.

**Teoloë waarsku teen "eksegetiese hoogmoed". Is die sinode bereid om te erken dat sy uitleg van sleuteltekste feilbaar kan wees, en indien wel, waarom is daar geen ruimte vir institusionele verdraagsaamheid nie?**

Tereg word daar teen "eksegetiese hoogmoed" gewaarsku, omdat die mens feilbaar is. In dieselfde asem moet gewaarsku word teen 'n gees van twyfel, asof ons nie seker is wat die Here in sy Woord sê nie. Talle Gereformeerde Kerke in die buiteland het hulle ook oor vroue in die amp uitgespreek en die GKSA opgeroep om aan die Here gehoorsaam te bly.

**Watter boodskap stuur hierdie besluit aan lidmate en teologiestudente wat nie hiermee saamstem nie, en erken die sinode die risiko dat dit die GKSA kleiner, meer homogeen en meer geslote kan maak?**

Die besluit stuur een enkele boodskap uit: Ons buig voor die Here se Woord en bind mek daaraan. As ons aan die Here gehoorsaam is, mag ons sy seën verwag en hoef ons nie te vrees vir wat die toekoms inhou nie. Die Here bepaal hoe groot of hoe klein sy kerk op 'n bepaalde plek en tyd moet wees.

**Die sinode het besluit om die memorandum van samewerking met die NG Kerk herroep, onder meer weens die NG Kerk se hantering van selfdegeslagverhoudings en interne verdeeldheid. Waarom is 'n soortgelyke besluit nie geneem ten opsigte van samewerking met die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, wat ook vroue in die amp en selfdegeslagverbintenisse toelaat, en hoe verduidelik die sinode hierdie oënskynlike inkonsekwentheid?**

Die GKSA het reeds oor baie jare gesprekke met die Nederduitsch Hervormde Kerk. Daardie gesprekke gaan voort. Die GKSA het egter nog nooit 'n memorandum van samewerking met die Nederduitsch Hervormde Kerk gehad nie.

**Die sinode bepaal terselfdertyd dat gesprekke met die NG Kerk moet voortgaan. Watter konkrete teologiese of kerkregeringsvoorwaardes moet volgens die GKSA bereik word voordat enige formele samewerking weer moontlik sal wees?**

Tussen die GKSA en die NG Kerk bestaan beduidende verskille ten opsigte van hermeneutiek, Godsleer, Skrifbeskouing, kerkbeskouing, die verstaan van sonde en die Gereformeerde belydenis. Hierdie verskille stel ernstige uitdagings aan voortgesette verhoudinge en ekumeniese samewerking en sal in verdere gesprekke aandag moet kry. Terselfdertyd moet genoem word dat daar op plaaslike vlak, veral op die platteland, kosbare samewerking tussen sekere Gereformeerde Kerke en NG Kerke bestaan.

briewe@rapport.co.za